

Handelinge 21

Handelinge 21:1-40

1 En nadat ons ons van hulle losgeskeur het, het ons afgevaar en reguit koers gehou en by Kos aangekom, en die volgende dag by Rhodus en daarvandaan by Pátara. 2 En ons het 'n skip gevind wat na Fenícië sou oorseeil, en daarop gegaan en afgevaar. 3 En toe ons Ciprus in die gesig gekry het en dit aan die linkerhand laat lê het, het ons na Sírië gevaar en by Tirus aangekom, want daar sou die skip sy vrag aflaai. 4 En nadat ons die dissipels gevind het, het ons daar sewe dae gebly; en hulle het vir Paulus deur die Gees gesê om nie op te gaan na Jerusalem nie. 5 Maar toe ons die dae uitgebly het, het ons vertrek en op reis gegaan, terwyl almal, met vroue en kinders, ons tot buitekant die stad begelei; en ons het op die strand neergekniel en gebid. 6 En nadat ons mekaar gegroet het, het ons aan boord gegaan, en hulle het teruggegaan huis toe.

7 Maar ons het die seereis van Tirus af voltooi en by Ptolemáís gekom; en ons het die broeders gegroet en een dag by hulle gebly. 8 En die volgende dag het ons, die geselskap van Paulus, vertrek en in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die sewe diakens was, en by hom gebly. 9 En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.

10 En onderwyl ons baie dae daar oorgebly het, het 'n sekere profeet met die naam van Agabus van Judéa afgekom. 11 En toe hy by ons kom, neem hy die gordel van Paulus en bind sy eie hande en voete en sê: Dít spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer.

12 En toe ons dit hoor, het ons saam met die broeders van die plek hom gesmeek om nie op te gaan na Jerusalem nie. 13 Maar Paulus het geantwoord: Wat doen julle dat julle ween en my hart week maak? Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus.

14 Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied!

15 En ná hierdie dae het ons vir die reis klaargemaak en na Jerusalem opgegaan.

16 En sommige van die dissipels van Cesaréa het ook saam met ons gegaan en ons by 'n sekere Mnason van Ciprus gebring, 'n ou dissipel, by wie ons sou tuis gaan.

17 En toe ons in Jerusalem aankom, het die broeders ons met blydschap ontvang.

18 En op die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus se huis gegaan, en al die ouderlinge was daar teenwoordig. 19 En nadat hy hulle gegroet het, het hy van stuk tot stuk vertel wat God onder die heidene deur sy diens gedoen het.

20 En toe hulle dit hoor, het hulle die Here verheerlik en vir hom gesê: U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet. 21 En hulle is aangaande u vertel dat u al die Jode onder die heidene leer om van Moses afvallig te word deur te sê dat hulle die kinders nie moet besny nie en ook nie volgens die sedes moet wandel nie.

22 Wat staan ons dan te doen? Dit is dringend nodig dat die menigte bymekaarkom, want hulle sal hoor dat u gekom het. 23 Doen dan wat ons vir u sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het; 24 neem hulle en heilig u saam met hulle en betaal die koste vir hulle, sodat hulle hul hoofde kan skeer en almal kan weet dat daar niks is in wat van u vertel word nie, maar dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou. 25 Wat egter die gelowiges uit die heidene betref het ons geskrywe en besluit dat hulle niks van dié aard moet onderhou nie, maar hulle net moet onthou van afgodsoffers en bloed en van wat verwurg is, en van hoerery.

26 Toe het Paulus die manne geneem en op die volgende dag hom saam met hulle geheilig en in die tempel gegaan om bekend te maak dat die dae van die heiliging sou voortduur totdat die offer vir elkeen van hulle gebring moes word.

27 Maar toe die sewe dae byna verby was, het die Jode van Asië hom in die tempel gesien en die hele skare oproerig gemaak en die hande aan hom geslaan 28 en geskreeu: Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek. Hy het ook nog Grieke in die tempel gebring en hierdie heilige plek ontheilig.

29 Want hulle het vantevore Trófimus, die Efésiër, in die stad by hom gesien en gedink dat Paulus hom in die tempel gebring het.

30 Toe kom die hele stad in beweging, en daar was 'n oploop van die volk; en hulle het Paulus gegryp en hom buitekant die tempel gesleep; en dadelik is die deure gesluit. 31 En onderwyl hulle probeer om hom dood te maak, het 'n berig die owerste oor duisend van die leërafdeling bereik dat die hele Jerusalem in oproer was. 32 En hy het meteens soldate en hoofmanne oor honderd geneem en afgehardloop na hulle; en toe hulle die owerste oor duisend en die soldate sien, het hulle opgehou om Paulus te slaan. 33 Daarop kom die owerste oor duisend nader

en neem hom gevange en gee bevel dat hy met twee kettings geboei moet word; en hy het gevra wie hy was en wat hy gedoen het.

34 En onder die skare het sommige dit en sommige iets anders geskreeu. En omdat hy weens die rumoer geen sekerheid kon verkry nie, het hy bevel gegee dat hy na die kamp gebring moes word. 35 En toe hy op die trappe kom, moes hy deur die soldate gedra word weens die geweld van die skare. 36 Want die menigte van die volk het gevolg en geskreeu: Weg met hom!

37 En net toe hy in die kamp gebring sou word, vra Paulus die owerste oor duisend: Is dit my geoorloof om iets vir u te sê?

En hy sê vir hom: Ken jy Grieks? 38 Is jy dan nie die Egiptenaar wat 'n tyd gelede oproer gemaak het en die vier duisend rowers na die woestyn uitgelei het nie?

39 En Paulus antwoord: Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n burger van geen onvermaarde stad in Cilícië nie; ek versoek u, laat my toe om die volk toe te spreek.

40 En toe hy dit toegelaat het, gaan Paulus op die trappe staan en wink met die hand vir die volk. En nadat daar 'n groot stilte gekom het, het hy hulle in die Hebreeuse taal toegesprek en gesê:

1. Handeling 21:1-16 – Die reis van Milete tot Jerusalem

1 En nadat ons ons van hulle losgeskeur het, het ons afgevaar en reguit koers gehou en by Kos aangekom, en die volgende dag by Rhodus en daarvandaan by Pátara. **2** En ons het 'n skip gevind wat na Fenícië sou oorseeil, en daarop gegaan en afgevaar. **3** En toe ons Ciprus in die gesig gekry het en dit aan die linkerhand laat lê het, het ons na Sírië gevaar en by Tirus aangekom, want daar sou die skip sy vrag aflaai. **4** En nadat ons die dissipels gevind het, het ons daar sewe dae gebly; en hulle het vir Paulus deur die Gees gesê om nie op te gaan na Jerusalem nie. **5** Maar toe ons die dae uitgebly het, het ons vertrek en op reis gegaan, terwyl almal, met vroue en kinders, ons tot buitekant die stad begelei; en ons het op die strand neergekniel en gebid. **6** En nadat ons mekaar gegroet het, het ons aan boord gegaan, en hulle het teruggegaan huis toe.

7 Maar ons het die seereis van Tirus af voltooi en by Ptolemáís gekom; en ons het die broeders gegroet en een dag by hulle gebly. **8** En die volgende dag het ons, die geselskap van Paulus, vertrek en in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die

sewe diakens was, en by hom gebly. 9 En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.

10 En onderwyl ons baie dae daar oorgebly het, het 'n sekere profeet met die naam van Agabus van Judéa afgekom. 11 En toe hy by ons kom, neem hy die gordel van Paulus en bind sy eie hande en voete en sê: Dít spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer.

12 En toe ons dit hoor, het ons saam met die broeders van die plek hom gesmeek om nie op te gaan na Jerusalem nie. 13 Maar Paulus het geantwoord: Wat doen julle dat julle ween en my hart week maak? Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus.

14 Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied!

15 En ná hierdie dae het ons vir die reis klaargemaak en na Jerusalem opgegaan. 16 En sommige van die dissipels van Cesaréa het ook saam met ons gegaan en ons by 'n sekere Mnason van Ciprus gebring, 'n ou dissipel, by wie ons sou tuis gaan.

1.1 Vrae by Handeling 21:1-16

1. Van wie moes Paulus-hulle hulle losskeur? (vers 1)
2. Waarlangs het die reis gegaan tot by Tirus? (vers 1-3)
3. Wanneer het daar 'n gemeente in Tirus ontstaan? (vers 4)
4. Waaroor het die gelowiges in Tirus vir Paulus gewaarsku? (vers 4)
5. Hoe is dit dat die Gees Paulus dring om na Jerusalem te gaan en die Gees deur die gelowiges hom waarsku om nie te gaan nie? (vers 4)

Handeling 20 het afgesluit met die laaste groet tussen Paulus en die ouderlinge van Efese. Lukas het berig dat die ouderlinge veral bedroef was omdat Paulus gesê het dat hulle mekaar nie weer in hierdie sal sien nie. Handeling 21 begin dan met die vertrek van Paulus-hulle uit Milete uit weg van die ouderlinge van Efese af. **Die verhouding tussen die ouderlinge van Efese en Paulus was so heg dat Paulus-hulle hulleself van die ouderlinge moes losskeur**, sodat hulle aanboord die skip

kon gaan waarmee hulle verder gereis het.

Van **Milete** af het die skip **verby die eiland Kos** gevaar tot by **Rhodus** die stad op die eiland Rhodus. Kos was sowat 65 km ver van Milete af en Rhodus was sowat 145 km ver van Kos af. Van Rhodus af het hulle na **Patara** gevaar wat aan die kus van Lucië (suidkus van die hedendaagse Turkye) geleë is. Patara was sowat 97 km van Rhodus af geleë. In Patara het Paulus-hulle 'n skip gevind wat na Finicië sou seil en hulle het daarop aanboord gegaan. Hierdie vaart van Patara af na Finicië toe was byna 650 km ver. Die skip het aan die suide kant van Ciprus verbygevaar en by **Tirus** aangekom. In Tirus sou die skip sy vrag aflaai.

Aangesien die skip vir lank in Tirus vasgemeer sou wees, moes Paulus-hulle vir hulleself huisvesting kry. Hulle het toe gelowiges in Tirus opgespoor by wie hulle sewe dae oorgebly het, want die skip se vrag is in daardie sewe afgelaai. Lukas berig nie vroeër van die ontstaan van die gemeente in Tirus nie, want die Heilige Gees het hom gelei om net sekere sake neer te skryf van die Here Jesus se werk deur sy apostels in hierdie vroeë stadium van die kerk se lewe. **Hierdie gemeente het waarskynlik ontstaan deur die gelowiges wat vanuit Jerusalem moes vlug nadat die vervolging uitgebreek het na die dood van Stefanus** (Hand 11:19).

Lukas berig nie waarom die gelowiges vir Paulus gewaarsku het om nie na Jerusalem te gaan nie. Paulus het dit immers self reeds vroeër aan die ouderlinge van Efese gesê dat swaarkry op hom wag in Jerusalem. Paulus was deur die Heilige Gees gedring om na Jerusalem te gaan, alhoewel die Gees aan hom in elke stad wat hy al was voordat hy in Milete gekom het, betuig het dat verdrukking op hom wag in Jerusalem (Hand 20:22-23). **Deur die Gees gelei het die gelowiges in Tirus vir Paulus dan oor dieselfde verdrukking gewaarsku.**

Paulus het self aan die ouderlinge van Efese gesê dat hy deur die Gees gebind is om na Jerusalem te gaan terwyl die Gees ook in elke stad kragtig aan hom getuig dat verdrukking op hom wag in Jerusalem. In Tirus word die gelowiges deur die Gees gelei om vir Paulus te sê om nie na Jerusalem op te gaan nie. Sommige verklaarders is van die oortuiging dat Paulus hom teen die Heilige Gees verset het om na Jerusalem te gaan. Ander verklaarders sien in Paulus se reis na Jerusalem

ooreenkomste met Jesus se reis na Jerusalem soos wat Lukas dit in Lukas 9 tot 23 berig.

Daar is genoegsame getuienis in die Skrif dat Paulus nie ongehoorsaam was aan die Here om na Jerusalem te gaan nie (vgl. Hand 9:16; 19:21; 20:22-24; 21:14; 23:1, 11). **'n Mens sal eerder hierdie waarskuwing van die gelowiges in Tirus kan verstaan as 'n beproewing van die Here aan Paulus** – sal hy aan die Here getrou bly of sal hy ter wille van sy eie lewe ongehoorsaam raak.

6. Hoe het Paulus die pleit van die gelowiges om nie na Jerusalem te gaan nie, hanteer? (vers 5)
7. Hoe het Paulus van die gelowiges afskeid geneem? (vers 5 en 6)

Ondanks die gelowiges se pleit by Paulus om nie na Jerusalem te gaan nie, het hy en sy hele reisgeselsskap volhard op hulle koers na Jerusalem. Maar toe hulle die dae uitgebly het – dit wil sê, toe hulle die volle sewe dae in Tirus by die gelowiges gebly het solank as wat hulle gewag het dat die skip se vrag afgelaai word – het Paulus-hulle vertrek en verder op die reis gegaan na Jerusalem. Paulus was vasberade om aan die Here gehoorsaam te bly en na Jerusalem te gaan.

Al die gelowiges – nie net die mans nie, maar ook die vrouens en kinders – het Paulus-hulle **tot buitekant die stad begelei**. Dit was die gewoonte om die mense wat by jou oorgebly het te vergesel tot buitekant die stad. Hierdie gelowiges het dit ook met Paulus-hulle gedoen. **Op die strand het hulle almal saam gekniel en gebid**. In hierdie gebed sou Paulus die gelowiges van Tirus aan die troue sorg van die Here opdra, soos wat hy met die ouderlinge van Efese gedoen het en die gelowiges sou vir Paulus-hulle aan die sorg van die Here opgedra het. Daarna het hulle **mekaar gegroet** en Paulus-hulle het aanboord gegaan van die skip terwyl die gelowiges teruggegaan het na hulle huis toe.

8. Hoe het Paulus se reis verloop van Tirus af? (vers 7 en 8)
9. Waar het Paulus tuis gegaan in Cesarea? (vers 8)
10. Wat maak Lukas alles aangaande Filippus aan ons bekend? (vers 8 en 9)

Van Tirus af het die skip nie reguit koers gehou na Cesarea toe nie. Hulle het nog eers by **Ptolemaïs** aangedoen waar die skip vir nog 'n dag oorgebly het waarskynlik om weer goedere af te laai en op te laai. Ptolemaïs is die stad wat in die Ou Testament Akko genoem is en vandag as Acre bekend staan en is sowat 40 km suid van Tirus. Dit is die mees suidelike hawe van Finicië. In hierdie stad het Paulus-hulle ook gelowiges gevind en vir die tyd wat die skip vasgemeer was by hulle oorgebly tot die volgende dag toe. Van Ptolemaïs af het hulle tot by **Cesarea** gevaar waar Paulus-hulle aan land gegaan het om hulle reis verder voort te sit tot in Jerusalem. Cesarea is sowat 65 km suid van Ptolemaïs geleë.

In Cesarea het Paulus-hulle in die huis van **Filippus** tuis gegaan. Met tuisgaan word bedoel dat hulle by Filippus ingetrek het om vir 'n hele ruk te bly en nie net om 'n besoek aan Filippus te bring nie.

Lukas meld duidelik dat dit Filippus **die evangelis** is om hom van Filippus een van die twaalf dissipels van Jesus te onderskei. Filippus is ook nou meer bekend as die evangelis as **een van die sewe** wat destyds in Jerusalem verkies is om die tafels te bedien (Hand 6:1-7). Toe die vervolging na die dood van Stefanus in Jerusalem begin het, het Filippus eers na Samaria gevlug waar hy die evangelie aan die Samaritane verkondig het (Hand 8:5-12). Daarna het die Heilige Gees hom na die hofdienaar van Ethiopië gestuur om die evangelie aan hom te verkondig (Hand 8:26-40). Nadat hy die evangelie aan die Ethiopiër verkondig het, het van Asdod af al langs die kus die evangelie verkondig totdat hy in Cesarea gekom het (Hand 8:40). Nou – twintig jaar later – is Filippus steeds werksaam in Cesarea.

Filippus het ook **vier ongetroude dogters** gehad aan wie die Here die profetiese gawe gegee het. Dit is al wat Lukas aangaande die dogters en hulle gawe sê. Ons weet niks van die profetiese woorde wat hulle gespreek het nie. Dit is tog interessant dat hierdie dogters wat die profetiese gawe gehad het niks oor Paulus en wat met hom in Jerusalem gaan gebeur gesê het nie. Daarvoor het die Here iemand anders gebruik wat wel 'n profeet was en nie net die profetiese gawe gehad het nie. Onder profetiese gawe kan 'n mens ook verstaan dit is die gawe om die Woord van die Here toe te pas of om die Here te loof en te prys oor wie Hy is.

11. Wie was Agabus? (vers 10)
12. Hoe en wat het hy aangaande Paulus geprofeteer? (vers 11)
13. Hoe het die ander gelowiges op hierdie profesie gereageer? (vers 12)
14. Wat was Paulus se reaksie op die smeking van sy medegelowiges om nie na Jerusalem te gaan nie? (vers 13)

Die profeet Agabus is al lankal aan Paulus bekend. Destyds toe Paulus nog saam met Barnabas in Anthiochië in Sirië gewerk het, het Agabus ook van Judea afgekom en geprofeteer oor die hongersnood wat sou kom (Hand 11:27-28). Hierdie hongersnood het inderdaad gekom. Nou het die Here dit beskik dat Agabus in Cesarea is om die profesie aangaande Paulus en wat met hom gaan gebeur uit te spreek.

Op 'n grafiese wyse het Agabus die profesie begin. Hy het Paulus se gordel geneem en sy eie hande en voete met die gordel vasgebind. Daarop het hy gesê dat die Heilige Gees sê: **So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer.** Daarmee het Agabus bekend gemaak wat in werklikheid met Paulus in Jerusalem gaan gebeur. Vroeër het Paulus net geweet dat boei en verdrukking op hom wag in Jerusalem (Hand 20:21-22). Nou weet hy deur hierdie profesie wie hom gaan gevange neem en aan wie hulle hom gaan uitlewer. Dit wat Paulus deur die Heilige Gees geweet het op hom wag in Jerusalem is nou by verskeie geleenthede aan hom bevestig.

Paulus se hele reisgeselsskap en die broeders in Cesarea het by die aanhoor van die profesie **vir Paulus gesmeek om nie na Jerusalem te gaan nie.** Dit is die eerste keer dat Lukas sê dat hy saam met die reisgeselsskap ook vir Paulus smeek om nie na Jerusalem te gaan nie. Die ander kere was dit die ander gelowiges wat vir Paulus afgeraai het. Hulle het miskien vroeër al vir Paulus probeer afraai om te gaan of miskien het hulle gedink dat die verdrukking in Jerusalem nie anders sal wees as wat Paulus al oor soveel jaar van die Jode beleef het nie. En nou dat hulle in die profesie hoor wat regtig met Paulus gaan gebeur, besef hulle hoe ernstig dit is. Jesus is immers ook deur die Jode gevange geneem en aan die heidene oorgelewer

en dit het op sy kruisdood uitgeloop. Wie weet wat wag op Paulus en hy is maar net 'n mens?

Die vraag wat Paulus aan die gelowiges by hom stel, **veronderstel dat die geween van die gelowiges onnodig is** en dit sal nie die effek hê wat hulle dink dit moet hê nie. Paulus se hart sal nie week word as gevolg van hulle smeking nie. Hy word deur die Heilige Gees gebind om na Jerusalem te gaan, daarom kan hy nie toegee aan die smeking van die gelowiges om nie te gaan nie.

Verder verklaar Paulus dat hy nie alleen bereid is om gevange geneem te word ter wille van Jesus Christus nie, maar hy is selfs bereid om vir die Naam van die Here Jesus te sterf in Jerusalem. **Paulus se lewe was vir homself nie meer kosbaar as die Here se bevel nie.** Daar was vir hom niks beter as om in alles tot die einde toe aan die Here gehoorsaam te bly nie.

15. Hoe het die gelowiges op Paulus se antwoord gereageer? (vers 14)
16. Hoe het Paulus se reis van Cesarea af verloop tot in Jerusalem? (vers 15 en 16)

Die gelowiges het gesien dat daar geen manier is dat hulle Paulus kon laat afsien om na Jerusalem te gaan nie. Hy was vasbeslote om te gaan omdat die Heilige Gees hom daartoe gedring en beveel het. **Hulle het toe opgehou om hom te vra om nie te gaan nie**, want hulle was tevrede en waarskynlik ook oortuig dat die Heilige Gees regtig hierdie bevel aan Paulus gegee het.

Aangesien dit die Heilige Gees se bevel en die Here se wil is dat Paulus dan na Jerusalem moet gaan te midde van watter gevaar daar ook al op hom wag, **het hulle aanvaar dat die Here se wil ook dan in hierdie saak sal geskied.** Die Here weet die beste, daarom is dit die veiligste en maklikste om in die wil van die Here te wandel.

Die laaste deel van die reis na Jerusalem het nou aangebreek. Paulus en die reisgeselskap het gereed gemaak om na Jerusalem te vertrek. **Sommige van die gelowiges van Cesarea het saam met hulle na Jerusalem gegaan.** Dit is hierdie gelowiges wat Paulus-hulle **by Mnason van Ciprus gebring het.** Jerusalem was

sowat 105 km suidwes van Cesarea geleë. Dit is 'n goeie twee dae se reis. Uit die beskrywing van Lukas blyk dit dat Mnason nie in Jerusalem gewoon het nie, maar een dagreis ver van Cesarea af. Dit is eers in die volgende vers wat Lukas berig dat Paulus-hulle in Jerusalem aangekom het.

Aangaande **Mnason** vertel Lukas dat hy van Ciprus afkomstig is. Hy is ook 'n Griekssprekende Jood soos Barnabas wat ook van Ciprus afkomstig is. Hy is al 'n ou dissipel. Die woord wat ons met *ou* vertaal verwys nie na Mnason se ouderdom nie, maar dui eerder aan dat hy een van die gelowiges is wat al van die begin af 'n dissipel van Jesus is. Dit wil sê, hy is waarskynlik een van die mense wat op Pinksterdag tot bekering gekom het. So 'n Griekssprekende gelowige sou eerder bereid wees om 'n gemengde reisgeselsskap van Jode en voormalige heidene in sy huis te ontvang as 'n Hebreeus sprekende gelowige.

2. Handeling 21:17-25 – Jakobus se raad aan Paulus

17 En toe ons in Jerusalem aankom, het die broeders ons met blydschap ontvang.

18 En op die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus se huis gegaan, en al die ouderlinge was daar teenwoordig. 19 En nadat hy hulle gegroet het, het hy van stuk tot stuk vertel wat God onder die heidene deur sy diens gedoen het.

20 En toe hulle dit hoor, het hulle die Here verheerlik en vir hom gesê: U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet. 21 En hulle is aangaande u vertel dat u al die Jode onder die heidene leer om van Moses afvallig te word deur te sê dat hulle die kinders nie moet besny nie en ook nie volgens die sedes moet wandel nie.

22 Wat staan ons dan te doen? Dit is dringend nodig dat die menigte bymekaarkom, want hulle sal hoor dat u gekom het. 23 Doen dan wat ons vir u sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het; 24 neem hulle en heilig u saam met hulle en betaal die koste vir hulle, sodat hulle hul hoofde kan skeer en almal kan weet dat daar niks is in wat van u vertel word nie, maar dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou. 25 Wat egter die gelowiges uit die heidene betref het ons geskrywe en besluit dat hulle niks van dié aard moet

onderhou nie, maar hulle net moet onthou van afgodsoffers en bloed en van wat verwurg is, en van hoerery.

2.1 Vrae by Handeling 21:17-25

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wie het Paulus-hulle in Jerusalem ontvang? (vers 17)2. Vir wie het Paulus-hulle die volgende dag ontmoet? (vers 18)3. Wat het Paulus aan Jakobus en die ouderlinge vertel? (vers 19)4. Hoe het Jakobus en die ouderlinge op Paulus se vertelling gereageer? (vers 20) |
|---|

Die gebeure wat Lukas van hier af beskryf tot by Handeling 23:35 het oor 'n tydperk van twaalf dae geskied. Die gebeure wat hy in Handeling 24:1-26:32 beskryf het oor 'n tydperk van twee jaar geskied.

By hulle aankoms in Jerusalem van Mnason se huis af het Paulus hulle **die gelowiges in Jerusalem** opgesoek. Hierdie gelowiges het Paulus en sy hele reisgeselskap met blydskap ontvang. Daar was onder die gelowiges in Jerusalem lankal nie meer 'n vrees vir Paulus soos wat hulle gehad het kort na sy bekering nie.

Die volgende dag is Paulus en sy reisgeselskap na **Jakobus en die ouderlinge van Jerusalem toe**. Dit blyk uit hierdie beskrywing van Lukas dat Jakobus steeds die leidende figuur in die gemeente in Jerusalem was. Hierdie Jakobus is die broer van Jesus Christus en nie Jakobus die broer van Johannes nie. Jakobus die broer van Johannes is nog destyds deur Herodes om die lewe gebring (Hand 12:17).

Aan Jakobus en die ouderlinge van Jerusalem **het Paulus in groot detail vertel wat God alles deur sy diens as apostel onder die heidene gedoen het**. Soos wat Paulus na afloop van sy eerste en tweede sendingreis rapport gelewer het aan die gemeente in Antiochië in Sirië, so doen hy ook nou hier aan Jakobus en die ouderlinge.

Daar is verseker 'n paar redes waaraan 'n mens kan dink waarom Paulus aan

Jakobus en die ouderlinge berig bring. Die eerste en belangrikste rede is om die Here te verheerlik oor alles wat Hy met die heidene gedoen het. In die reisgeselskap was daar juis manne van heidense afkoms wat nou voluit in Jesus Christus geglo het. Dit is dan juis wat Jakobus en die ouderlinge dan ook gedoen het toe hulle Paulus se vertelling gehoor het – **hulle het die Here verheerlik** oor sy groot genade onder die heidene.

Hierdie vertelling van Paulus oor die Here se werk onder die heidene sou ook die agtergrond en motivering gee vir die geldelike bydra wat Paulus gebring het. Hierdie bydra is die kollekte wat die gelowiges onder die heidene gegee het vir die gelowiges in Jerusalem op versoek van Paulus. Lukas maak egter geen melding van die afdra van die kollekte aan die gelowiges in Jerusalem nie. Ons kan egter aanneem dat dit tydens hierdie ontmoeting plaasgevind het (vgl. Hand 11:30).

5. Wat het die ouderlinge verder aan Paulus berig? (vers 20-21)

Die ouderlinge van Jerusalem het ook aan Paulus **vertel van die duisende Jode wat gelowig geword het**. Hierdie vertelling is in aansluiting by dit wat Paulus berig het God onder die heidene gedoen het. Dit is nie net heidene wat tot bekering gekom het onder Paulus se prediking nie. Daar is ook baie Jode wat tot bekering gekom het. Dus, as die ouderlinge van die duisende Jode praat wat gelowig geword het, verwys hulle waarskynlik na al die Jode – diegene wat onder die heidene woon sowel as die wat in Jerusalem woon wat gelowig geword het.

Aangaande hierdie Jode wat gelowig geword het, sê die ouderlinge verder dat die gelowige **Jode is almal yweraars vir die wet**. Dit wil sê, vir hulle is die wet en verskeie van die rituele van die wet nog uiters belangrik. Hulle besny nog steeds hulle seuns en hou nog by sekere Joodse gebruike wat eie is aan dit wat hulle oor eeue geleer het.

En nou kom die ouderlinge by die probleem wat hulle vir Paulus in Jerusalem voorsien. **Die Joodse gelowiges in Jerusalem is vertel** dat Paulus aan die Jode onder die heidene gesê het om van die wet van Moses afvallig te word deur vir hulle

te sê dat hulle nie meer hulle kinders moet besny nie en ook nie volgens die sedes van die wet lewe nie. Hierdie was duidelik 'n valse berig wat aan die Joodse Christene vertel is in Jerusalem. Die ouderlinge kan die valsheid daarvan insien nadat hulle gehoor het wat Paulus alles in detail aan hulle vertel het. Die berig is ook vals omdat Paulus self nog dinge gedoen het wat eie is aan die Jode en dit wat in die wet geskryf staan. Hy het dan self 'n gelofte aan die Here gedoen wat met die skeer van sy hare te doen gehad het (Hand 18:18). Hierdie Joodse godsdienstige handeling was nie verkeerd nie. Dit was net nie nodig om daardeur regverdiging by God te kry nie.

6. Waarom het Jakobus en die ouderlinge vir Paulus raad gegee? (vers 22)
7. Watter raad het Jakobus en die ouderlinge aan Paulus gegee? (vers 23-24)
8. Wat was die ouderlinge se siening aangaande die heidene en die wet? (vers 25)

Jakobus en die ouderlinge was opreg besorg oor Paulus en sy veiligheid. Hulle het geweet dat die gelowiges van Paulus se aankoms in Jerusalem te hore sal kom. Daarom is dit vir hulle dringend noodsaaklik dat die Joodse Christene so gou as moontlik te wete moet kom dat die gerugte wat hulle aangaande Paulus gehoor het vals is.

Om maar net vir die Joodse Christene vir wie die Joodse gebruike nog baie waarde het te sê dat Paulus nie gedoen het wat hulle gehoor het nie, sal nie genoeg wees nie. Paulus moet met sy dade aan die Jode toon dat die gerugte vals is. Daarom gee Jakobus en die ouderlinge die volgende raad aan hom. Onder die Joodse Christene was daar vier manne wat 'n gelofte gedoen het. **Paulus word aangeraai om saam met hierdie vier manne te gaan, hom saam met hulle te heilig en dan die koste vir die vier manne te betaal, sodat die vier manne hulle hoofde kan skeer.**

Uit die beskrywing wat Lukas hier gee, blyk dit dat hierdie vier manne ook die nasireër gelofte gedoen het, aangesien dit met hulle hare verband hou. Paulus het self so 'n gelofte aan die Here gedoen (Hand 18:18), daarom sou dit nie vir Paulus 'n probleem wees om hom saam met hierdie manne te heilig en die nodige koste te

betaal nie. Die nasireër gelofte, was nie 'n verpligting nie, maar 'n vrywillige gelofte. Paulus het ook niks *per se* teen besnydenis gehad nie – hy het self vir Timoteus besny (Hand 16:3). Maar nie een van hierdie gebruike was nodig om jousef vir God aanvaar te maak nie. Onder die Jode – ongelowige Jode en sommige Joodse Christene – het die gedagte bestaan dat die besnydenis jou aanvaarbaar vir die Here maak.

Wanneer almal dan gesien het dat Paulus deel neem aan hierdie handeling, sal hulle weet dat die gerugte aangaande Paulus nie waar is nie. Hulle het dan self gesien hy is iemand wat die wet onderhou.

Jakobus en die ouderlinge hou in hulle raad aan Paulus by die besluit wat geneem is wanneer dit kom by die gelowiges uit die heidene. Tydens die vergadering wat destyds gehou is in Jerusalem is daar besluit dat die heidene nie aan die Joodse wettiese gebruike van besnydenis onderwerp sal word nie (Hand 15:1-29). Die besnydenis dra niks by tot die verlossing van 'n mens nie. Net die offer van Jesus verlos 'n mens. Daarom is die heidene net aangesê om in hulle daaglikse lewe hierdie geloof in Christus sigbaar uit te leef deur nie afgodsoffers en bloed en diere wat verwurg is te eet nie en hulle moet hulle van hoerery weerhou. Die gelowiges uit die heidene het nie nodig om die wet te hou soos die Jode gedoen het asof hulle eers dan verlos sal wees nie.

3. Handeling 21:26-36 – Paulus word gevange geneem

26 Toe het Paulus die manne geneem en op die volgende dag hom saam met hulle geheilig en in die tempel gegaan om bekend te maak dat die dae van die heiliging sou voortduur totdat die offer vir elkeen van hulle gebring moes word.

27 Maar toe die sewe dae byna verby was, het die Jode van Asië hom in die tempel gesien en die hele skare oproerig gemaak en die hande aan hom geslaan **28** en geskreeu: Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek. Hy het ook nog Grieke in die tempel gebring en hierdie heilige plek ontheilig.

29 Want hulle het vantevore Trófitus, die Efésiër, in die stad by hom gesien en gedink dat Paulus hom in die tempel gebring het.

30 Toe kom die hele stad in beweging, en daar was 'n oloop van die volk; en hulle het Paulus gegryp en hom buitekant die tempel gesleep; en dadelik is die deure gesluit. **31** En onderwyl hulle probeer om hom dood te maak, het 'n berig die owerste oor duisend van die leërafdeling bereik dat die hele Jerusalem in oproer was. **32** En hy het meteens soldate en hoofmanne oor honderd geneem en afgehardloop na hulle; en toe hulle die owerste oor duisend en die soldate sien, het hulle opgehou om Paulus te slaan. **33** Daarop kom die owerste oor duisend nader en neem hom gevange en gee bevel dat hy met twee kettings geboei moet word; en hy het gevra wie hy was en wat hy gedoen het.

34 En onder die skare het sommige dit en sommige iets anders geskreeu. En omdat hy weens die rumoer geen sekerheid kon verkry nie, het hy bevel gegee dat hy na die kamp gebring moes word. **35** En toe hy op die trappe kom, moes hy deur die soldate gedra word weens die geweld van die skare. **36** Want die menigte van die volk het gevolg en geskreeu: Weg met hom!

3.1 Vrae by Handeling 21:26-36

1. Wat het Paulus met die ouderlinge se raad gedoen? (vers 26)
2. Waarom het die Jode van Asië die mense aangehits om Paulus te gryp? (vers 27-28)
3. Waarom het die Jode gedink dat Paulus 'n Griek in die tempel ingebring het? (vers 29)
4. Wat het die mense met Paulus gedoen? (vers 30)

Paulus het saam met die ouderlinge en Jakobus ingesien dat die raad wat hulle gegee het die valse gerugte oor hom tot 'n einde kan bring. Daarom het hy ingestem om die raad te volg. Hierdie gelofte van die nasireër doen geen afbreek aan die werk wat Jesus Christus gedoen het nie. Daarom was dit nie vir Paulus 'n probleem om hom saam met hierdie manne te heilig en die koste van hulle offer te betaal nie.

Na afloop van die gelofte het die een wat die nasireër gelofte gedoen het eers by die priester aangekondig dat dit die einde van sy gelofte is. Sewe dae later het hy dan

die offer van dank gebring. Omdat dit 'n dankoffer is, was dit vir Paulus geen probleem om dit saam met hierdie vier manne te bring nie.

Toe die sewe dae voor die bring van die offer vir hierdie vier manne byna verby was, het Jode van Asië vir Paulus in die tempel gesien en herken. Hierdie Jode van Asië is die ongelowige Jode van Efese en omstreke. Toe hulle vir Paulus herken het, het hulle hom gegryp en geskreeu dat die ander Jode in die tempel hulle moet help.

Hardop het hulle die klagte teen Paulus uitgeroep. **Die klagte waarom hulle hom gegryp het, kom daarop neer dat Paulus aan almal dinge leer wat teen die volk – dit wil sê die Israëliete is – en teen die wet en die tempel is.** Hierdie klagtes kom ooreen met die klagtes wat destyds teen Stefanus gelê was en van wie Paulus ook nog sy moord goedgekeur het (Hand 6:11-14). 'n Verdere klagte wat hulle teen Paulus ingebring het, was **dat hy oënskynlik Grieke in die tempel ingebring het en die plek onheilig het.**

Die Joodse historikus Josefus het geskryf dat die Romeine aan die Jode die reg gegee het om enigiemand wat die tempel onheilig, dood te maak, selfs al is die oortreder 'n Romeinse burger. Daar was 'n voorhof vir die heidene en is afgeskei met 'n lae klipmuurtjie van die res van die tempelgebou. Op die grond op die grens tussen die voorhof van die heidene op pad na die res van die gebou was daar 'n inskrywing in Grieks en Latyn wat gelees het: Niemand van enige nasie mag die heining van die afgeslote gebied binnegaan nie. Wie ook al daar gevang word is vir sy eie dood te blameer.

Die Jode van Asië het vir Trofimus van Efese herken omdat hulle ook vandaar kom. Hulle het in die dae vooraf gesien dat Trofimus saam met Paulus in die stad loop en waarskynlik naby die tempel. **Daarom het hulle gedink dat Paulus vir Trofimus in die tempel ingebring het** toe hy saam met die ander vier Joodse Christene daar was.

Die nuus oor die beweerde oortreding van Paulus het baie gou onder die Jode versprei. Baie gou was daar selfs mense van buite die tempelgebou wat ook gekom het en saam met die ander Jode oproerig geraak het. **Hulle het vir Paulus gegryp**

en tot buitekant die vroue se voorhof gesleep. Die priesters het dadelik die deure na die vroue se voorhof gesluit om enige verdere ontheiliging van die tempel te voorkom. Dit was sekerlik die laaste bewering dat Paulus Grieke in die tempel ingebring het wat veroorsaak het dat die mense so drasties opgetree het teen Paulus.

5. Waarom het die owerste oor duisend afgegaan na die tempelgeboue? (vers 31-32)
6. Wat was die Jode se reaksie toe die soldate daar aankom? (vers 32)
7. Wat het die owerste oor duisend met Paulus gedoen? (vers 33)

Op die noordwestelike hoek van die tempelberg was die Toring van Antonia teenaan die noordelike muur van die tempelkompleks by die skaappoort na die tempelgeboue toe. Herodes die Grote het dit nog gebou om die soldate van die Tiende Legioen te huisves. Toe die Jode vir Paulus uit die tempelgebou uitgesleep het, was daar al 'n hele menigte Jode. En net op grond van die aanklag wat hulle gehoor het – dat Paulus 'n Griek in die tempel sou gebring het – het hulle probeer om vir Paulus dood te maak.

Hierdie hele konstrenasie sou 'n groot rumoer veroorsaak het. Die eerste wat die owerste oor duisend gehoor het, was dat die hele Jerusalem in oproer was. **Dit was hierdie owerste en sy soldate se verantwoordelikheid om wet en orde by die tempel en rondom die tempel te handhaaf.** Daarom het hy saam met soldate en hoofmanne van honderd afgegaan na die tempelkompleks om weer orde en kalmte te bring onder die mense.

Toe die Jode die owerste oor duisend en die soldate sien, het hulle opgehou om vir Paulus te slaan. Wat hierdie optrede van die Jode so vreemd maak is die feit dat selfs die Romeinse owerheid aan die Jode die reg gegee het om iemand dood te maak wat nie in die tempel mag kom nie, soos hier bo berig. Die Here het dit beskik dat die Jode tot 'n mate besef het dat hulle nie besig is om regverdig op te tree nie. Daar is nie aan Paulus geleentheid gegee om homself te verdedig nie.


Hierdie was die sesde keer dat Paulus se bediening 'n oproerigheid veroorsaak het (vgl. Hand 14:19; 16:19-22; 17:5-8, 13; 19:25-34).

Die owerste oor duisend het nadergekom en **Paulus gevange geneem**. Tydens die inhegtenisneming het die owerste ook bevel gegee dat Paulus met twee kettings geboei moet word. Dit wil sê, daar is 'n soldaat aan elke kant aan Paulus geboei, soos wat Herodes nog met Petrus laat doen het (vgl. Hand 12:6). Eers daarna het die owerste aan die skare gevra wie hy was en wat hy gedoen het.

Dit was vir die owerste duidelik dat Paulus die oorsaak van die oproer was. Onder die indruk dat Paulus 'n misdadiger is, het hy hom gevange geneem. Die Romeine het nie boendoe hofsake toegelaat nie. Tydens die inhegtenisneming sou Paulus seker Agabus se profesie onthou dat die Jode hom sal gryp en aan die heidene oorlewer. Dit is presies wat nou met Paulus ook gebeur het.


THE TEMPLE AT THE TIME OF JESUS

8.
W



After Prof. Avi-Yonah

Viewed from the east



aarom het die owerste oor duisend Paulus na die kamp toe geneem? (vers 34)

9. Wat was die Jode se reaksie op die optrede van die owerste oor duisend? (vers 35-36)

Die owerste oor duisend kon nie 'n duidelik antwoord op sy vrae aan die skare kry nie. Nie almal wat Paulus toegetakel het, het geweet wie hy was of wat hy verkeerd sou gedoen het nie. Daarom het sommige die een ding en ander het 'n ander ding op die vrae geantwoord. En intussen was die Jode uiters rumoerig van woede teen Paulus. **Tussen al hierdie deurmekaar spul het die owerste oor duisend geen ander raad gehad as om Paulus geheel en al uit die openbaar weg te kry na die kamp toe nie.** Die kamp waarvan hier gepraat word, is waarskynlik die Toring van Antonia waar die Romeine vir Paulus gevange sou hou.

Selfs nadat die Romeine vir Paulus gevange geneem het, het die skare geensins bedaar nie. Dit was seker 'n **gestamp en 'n gestoot** om nog 'n hand of 'n hou teen Paulus in te kry. Toe hulle by die trappe kom was die geweld so erg dat die soldate vir Paulus moes dra. En intussen het die skare die heelyd geskreeu: **Weg met hom!**

Met hierdie uitroep het die Jode nie alleen hulle tevredenheid met Paulus se inhegtenisneming laat blyk nie. Hierdie was eerder 'n uitroep wat geroep het om die bloed van Paulus. Hulle wou hom werklik doodgemaak het.

In dit wat met Paulus aan die gebeur was, herken 'n mens dit wat met Stefanus gebeur het en Paulus het daardie optrede destyds goedgekeur. Maar 'n mens herken in die uitroep van die skare ook dit wat met Jesus gebeur het toe die Jode ook uitgeroep het dat Hy doodgemaak moes word.

4. Handeling 21:37-40 – Paulus vra om die skare toe te spreek

37 En net toe hy in die kamp gebring sou word, vra Paulus die owerste oor duisend: Is dit my geoorloof om iets vir u te sê?

En hy sê vir hom: Ken jy Grieks? 38 Is jy dan nie die Egiptenaar wat 'n tyd gelede oproer gemaak het en die vier duisend rowers na die woestyn uitgelei het nie?

39 En Paulus antwoord: Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n burger van geen

onvermaarde stad in Cilicië nie; ek versoek u, laat my toe om die volk toe te spreek.

40 En toe hy dit toegelaat het, gaan Paulus op die trappe staan en wink met die hand vir die volk. En nadat daar 'n groot stilte gekom het, het hy hulle in die Hebreeuse taal toegesprek en gesê:

4.1 Vrae by Handeling 21:37-40

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom was die owerste oor duisend so verbaas oor Paulus se vraag en die taal wat hy gepraat het? (vers 37-38)2. Wat was Paulus se versoek aan die owerste oor duisend? (vers 39)3. Hoe het Paulus sy toespraak vir die Jode begin? (vers 40) |
|--|

Die soldate was op die punt om vir Paulus die kamp in te dra, toe Paulus vir die owerste oor duisend die vergunning vra om iets vir hom te sê. Hierdie vraag van Paulus en die taal waarin hy dit gesê het, het die owerste oor duisend heeltemal uit die veld geslaan. **Die owerste was die heelyd onder die indruk dat Paulus die Egiptenaar is wat so 'n tyd gelede weggekam het.**

Josefus die Joodse historikus maak ook melding van hierdie Egiptenaar wat in werklikheid 'n terroris was. Hy het sowat drie jaar tevore 'n groep van vierduisend misdadigers rondom hom vergader op die Olyfberg. Die Egiptenaar het beweer dat hy 'n profeet is en dat die mure van Jerusalem op sy bevel inmekaar sal tuimel. Verder het hy ook te kenne gegee dat hy en sy manne die Romeine uit Jerusalem sal verdryf en sodoende die stad bevry. Die Romeine het hierdie bende misdadigers aangeval en baie van hulle doodgemaak, maar die leier het weggekam. Die owerste het gedink Paulus is hierdie Egiptenaar wat nou teruggekeer het om weer vir hom volgelingen bymekaar te maak. En die Jode wat hom gevang en geslaan het, was lojaal teenoor die Romeine en het nou die misdadiger aan die Romeine oorgelewer.

Die owerste oor duisend was verbaas, want Paulus skree nie om hulp vir sy volgelingen nie, maar versoek die owerste beleefd of hy iets vir hom kan sê. Daarby hoor die owerste ook dat Paulus 'n geleerde man is wat in Grieks met hom praat.

Nadat Paulus duidelik gemaak het wie hy regtig is – hy is 'n Jood en nie 'n Egiptenaar nie, hy kom van Tarsus in Cilicië en nie van Egipte nie – het hy die owerste versoek om die volk toe te spreek. Te midde van al die gevaar en geweld wat reeds teen hom gepleeg is, het Paulus net een ding waarna hy streef – **hy wil die evangelie van Jesus Christus aan die skare verkondig.**

Die owerste oor duisend het Paulus toegelaat om met die skare te praat. Die soldate het Paulus toe op die trappe van waarskynlik die Toring van Antonia laat staan. **Paulus het met sy hand vir die volk gewink om hulle aandag te kry.** Daar het toe 'n groot stilte oor hulle gekom en Paulus **begin om in Hebreeus met hulle te praat.**